

Ontmoeting 34

SALOMO DIE SLIMSTE MAN OP AARDE

Teks: 1 Konings 1-4 (kies self spesifieke verse/hoofstukke)

Benodighede:

- Krone en swaarde (gebruik patroon van kroon by vorige ontmoetings en patroon van swaard aan die einde van hierdie ontmoeting)
- Ballonne (blaas voor die byeenkoms op)



WELKOM

Kamma swaardgeveg:

Gee vir 'n paar kinders kartonkroon en vir die res papierswaarde. Laat die kinders met swaarde probeer om die kroon af te neem deur dit met die swaarde af te lig van die ander se koppe.

Laat hulle omruil tot elkeen 'n kroon gehad het.

So waar, so waar:

Leidsters het elkeen 'n paar opgeblaaide ballonne. (Besluit self hoeveel ballonne elkeen nodig sal hê.) Dit werk so:

Leidster sal iets sê soos: Ek het as kind netbal gespeel. Is dit waar?

As die kinders reg raai, moet sy 'n ballon bars.

As hulle nie reg raai nie, behou sy die ballon. (M.a.w. as sy 'n leuen vertel en die kinders raai dat dit onwaar is of as sy die waarheid praat en die kinders het geraai dis waar, moet sy 'n ballon bars. As die kinders dus reg raai, bars sy 'n ballon. As die kinders verkeerd raai, hoef sy nie 'n ballon te bars nie.)

Kyk watter leidster het uiteindelik die meeste ballonne oor.

Vra sommer die volgende raaisel:

Hoekom kan twee ballonne nie verlief raak nie?

Die liefde is nie opgeblase nie!



WYDING

Temaliedere: My God is so big and so strong and so mighty – Go Fish

Die Here is my Herder (soos by ontmoeting 31)

Stilword-ritueel uit Psalm 23:

Laat die kinders kruisbeen sit en hulle oë toemaak. Herhaal 3 keer. “Die Here is by ons.” Sê nou hardop: “Omdat die Here my Herder is, is ek nie bang nie. Hy lei my deur die donker tye en Hy versorg my.”



WOORD

Vra: Sal jy stres as...

... jy voor die hele skool 'n toespraak moet hou?

... jy by die interskole moet hardloop en almal sê jy moet wen?

... jou ouers gesê het daar moet net sewes op jou rapport wees?

Salomo was die seun van koning Dawid en sy pa het hom laat self as sy opvolger. Salomo was lief vir die Here, maar hy was bang om koning te wees. Die Here het in die nag in 'n droom aan Salomo verskyn en vir hom gevra: “Wat wil jy hê moet Ek vir jou gee?” “Here,” het Salomo geantwoord, “U was altyd by my pa Dawid. Hy was gehoorsaam aan U. Here, U het my koning gemaak in my pa se plek. Ek is nog so jonk en onervare. Ek stres. Hier is so baie mense. Ek kan nie op my eie hulle leier wees nie. Gee my gehoorsaamheid aan U en insig in alles, want sonder U hulp kan ek nie oor die volk regeer nie.”

Die Here was bly oor wat Salomo gevra het en het gesê: “Dit is vir My goed dat jy nie gevra het om ryk te wees, om lank te lewe nie of om altyd jou vyande te wen nie. Daarom sal Ek jou die slimste man op aarde maak. Bly jy net getrou aan My. Ek sal ook sorg dat jy baie ryk

en beroemd word en lank lewe.”

Salomo was so opgewonde dat hy 'n groot fees in Jerusalem gereël het.

Die mense het gou agtergekom hoe slim Salomo was. Hy kon maklik die verskil sien tussen leuens en die waarheid. Hy kon ook baie goeie besluite neem. Dit het goed gegaan met almal in die land en almal was gelukkig en veilig en het genoeg gehad om te eet.

Eendag kom daar twee vroue by die paleis aan. Hulle het elkeen 'n babatjie gehad, maar in die nag is een van die babas dood. Nou was daar net een baba en albei die vrouens het gesê dis “haar” baba. Die een wie se baba dood is, het gemaak asof die lewende baba hare was. Niemand het gesien watter baba behoort aan watter mamma nie. Net die mamas het geweet, maar een het gejok. Watter een het gejok? Dit moes Salomo uitvind. Hy gee toe die baba vir een van die soldate en maak asof hy wil hê die soldaat moet die baba middeldeur kap. Hy het geweet dat hy sou kon sien wie die regte mamma is, want sy sou die meeste omgee vir die baba. Dit was toe ook so. Die vrou wat gejok het, sê toe: “Kap maar, dan het nie een van ons 'n baba nie.” Die regte mamma sê: “Asseblief, moet hom nie seermaak nie. Gee hom eerder vir haar. Laat hom net lewe.” Salomo weet toe dat daardie mamma die een is wat lief is vir die baba en nie wou hê hy moet seerkry nie. Daarom gee hy toe haar kind vir haar terug.

Konings het van ver lande gekom om na hom te luister, want hulle kon enigiets vir hom vra en hy het hulle goed geantwoord.

Salomo het duisende liedere, gedigte en spreuke geskryf. Baie daarvan is in die Bybel.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe voel dit om so slim te wees.
2. Ek wonder wat sou jy van God vra as Hy vir jou vra wat jy graag wil hê.
3. Ek wonder wat sou jy doen as jy so slim was soos Salomo.



WERSKAF

- ♦ Spreuke op stroke papier.
- ♦ Kaartjie oor “Kennis, wysheid en verstaan” vir groter kinders.
- ♦ Teken 'n spreuk.
- ♦ Neem 'n spreuk huis toe. 
- ♦ Verbind die kolletjies en kleur die prent in.

Sluit af met die seënbede.

Kennis


word verkry deur studie en ervaring.

Wysheid

is om dit wat ons geleer het op die beste manier te gebruik en goeie keuses te maak.

'n Hart wat Verstaan

stel ons in staat om te weet hoe ander mense voel.



**SPREUKE 10:20: DIE WOORDE VAN DIE REGVERDIGE IS DIE FYNSTE SILWER WERD;
DIE GEDAGTES VAN DIE GODDELOSE IS MIN WERD.**

Spreuke 10:8

Die mens met verstand aanvaar bevel. Wie aanhou onsin praat, kom tot 'n val.

Spreuke 10:1: 'n Wyse seun maak sy vader en moeder bly; 'n dwase seun maak hulle hartseer.

Spreuke 6:6: Gaan kyk na die mier, luiaard, kyk hoe hy werk en leer by hom.

SPREUKE 5:21

'N MENS SE LEWE LÊ OOP VOOR DIE HERE, ELKE TREE WAT JY GEE, SIEN HY.

Spreuke 3:6

Ken hom in alles wat jy doen en hy sal jou die regte pad laat loop.

spreuke 26:27

wie 'n gat vir ander grawe, val self daarin; die klippe wat hy gooi, sal na hom toe terugkom.

Spreuke 31:30: Uiterlike skoonheid hou nie, 'n mooi voorkoms is nie alles nie; as sy die Here dien, dan verdien 'n vrou om geprys te word.

Spreuke 26:2

Soos voeltjies wat verbyvlieg en nie gaan sit nie, so gaan 'n vervloeking by jou verby as jy dit nie verdien nie.

Spreuke 31:10: 'n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene.

Spreuke 28:6

Liewer arm wees en eerbaar lewe as oneerlik lewe en ryk wees.

**SPREUKE 27: 17
YSTER SLYP YSTER, VRIENDE VORM MEKAAR.**

Spreuke 26:18,19

Soos 'n mal mens wat dodelike pyle rondskiet, so is iemand wat ander bedrieg en sê: "Ek speel sommer."

Spreuke 27: 2

**laai dit aan 'n ander oor om jou te prys, moet dit nie self doen nie;
laai dit uit 'n ander se mond kom, nie uit joue nie.**

Spreuke 26:22

'n Geskinder is soos lekker kos, mense sluk dit so maklik.

